education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## FEBRUARIE/MAART 2009

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SLEGS die vrae oor die dramatekste wat jy bestudeer het.

2. Daar word 15 minute leestyd toegestaan voor jy met die skryf van die eksamen begin.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: 30 punte
   AFDELING B: 60 punte
   AFDELING C: 60 punte

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae. Beantwoord EEN van die twee vrae.

   VRAAG 1: Epiese Teater: *Caucasian Chalk Circle*, *Mother Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe*
   VRAAG 2: Teater van die Absurde: *Waiting for Godot*, *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie*

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae. Beantwoord slegs TWEE van die agt vrae in hierdie afdeling.

   VRAAG 3: *Boesman and Lena*
   VRAAG 4: *uNosilimela*
   VRAAG 5: *Woza Albert!*
   VRAAG 6: *Sophiatown*
   VRAAG 7: *Nothing but the Truth*
   VRAAG 8: *Groundswell*
   VRAAG 9: *Siener in die Suburbs*
   VRAAG 10: *Missing*

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. In VRAAG 13 is daar 'n keuse tussen drie vrae. Beantwoord VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Let op na die aantal punte wat aan elke vraag toegeken is om die lengte van jou antwoorde te bepaal.

9. Gebruik jou klaskamerkennis, sowel as onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy ÓF *Kaukasiese Krytsirkel* ÓF *Moeder Courage* ÓF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

1.1 Brecht se Epiese Teater beklemtoon die feit dat die gehoor nie die werklike lewe/realiteit op die verhoog sien nie. Hulle hoef dit nie te aanvaar nie, maar moet dit eerder waarneem, daaroor dink en daarop reageer.

In 'n opstel, bespreek die epiese tegnieke wat gebruik is om die gehoor te distansieer sodat hulle die drama kan 'waarneem, daaroor dink en daarop reageer'. Verwys na spesifieke voorbeelde uit die epiese drama wat jy bestudeer het.

(Jou opstel moet uit 'n minimum van 200 woorde bestaan.) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by die woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – K) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Historifikasie | A | opvallende eenvoudige karakters in teenstelling met volronde karakters |
| 1.2.2 | Vervreemdingstegniek | B | staatsgesubsidieerde drama-geselskap wat deur Brecht en Weigel gestig is |
| 1.2.3 | Fragmentariese dekor | C | 'n reeks vertellings wat deur sang verbind word |
| 1.2.4 | Karakters in Epiese Teater | D | die plasing van skynbaar nie-verbandhoudende beelde op film |
| 1.2.5 | Epiloog | E | teater wat die gehoor leer en onderrig |
| 1.2.6 | Berliner Ensemble | F | stelstukke wat op 'n plek/ruimte sinspeel of dit slegs impliseer |
| 1.2.7 | Montage | G | hoofsaaklik in realistiese teater gebruik om 'n illusie te skep |
| 1.2.8 | Didakties | H | verwys na die gebruik van materiaal geneem uit ander tye en plekke |
| 1.2.9 | Episodies | I | eindig die drama met 'n morele les |
| 1.2.10 | Vierde muur | J | 'n voorbeeld van 'n epiese drama |
| | | K | die gebruik van skyfies, prente, foto's en projeksies |

(10)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy ÓF *Afspraak met Godot* ÓF *Die Kaalkop Prima Donna* ÓF *Bagasie* bestudeer het.

2.1 Teater van die Absurde het die 'reëls'/konvensies van tradisionele drama gebreek. Die dramaturge het karakters gebruik om die stand van die mens se bestaan te verken/ondersoek eerder as om handeling op die verhoog te ontwikkel. Hulle het gewone spraak/dialoog geneem en dit op so 'n manier gebruik dat dit vreemd en anders geword het.

Verwys na die stelling hierbo en bespreek in 'n opstel hoe die karakters en styl van taal in die absurde drama wat jy bestudeer het, gebruik is.

(Jou opstel moet uit 'n minimum van 200 woorde bestaan.) (20)

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1 – 2.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.2.1 Die prosceniumboog-verhoog is die geskikste soort verhoog vir 'n produksie van 'n absurde drama.

2.2.2 Die Teater van die Absurde maak van die Verfremdungseffekt gebruik.

2.2.3 Absurde dramas het nie 'n begin, middel en einde nie.

2.2.4 Die karakters is volrond en ten volle ontwikkel in 'n absurde drama.

2.2.5 Absurde dramaturge is deur die eksistensiële filosowe beïnvloed.

2.2.6 Tyd, stilte en pouses is belangrike elemente van absurde dramas.

2.2.7 In absurde dramas word 'n spieël tot die werklikheid op die verhoog uitgebeeld.

2.2.8 Dramaturge soos Samuel Beckett het probeer om 'n chaotiese en belaglike wêreld uit te beeld.

2.2.9 In absurde dramas is die karakters se woorde en handelinge teenstrydig met mekaar.

2.210 Dialoog in Absurde Teater weerspieël normale alledaagse spraak. (10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Daar is agt vrae in hierdie afdeling. Beantwoord slegs TWEE vrae wat handel oor die twee dramas wat jy bestudeer het.

## VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Bestudeer die bronmateriaal (BRON A en B) en beantwoord dan die vrae wat volg:

**BRON A**



3.1 Vergelyk die verhouding tussen Lena en Outa met die houding van Boesman teenoor Outa. (6)

3.2 Verduidelik hoe kostuum en rekwisiete in die drama gebruik is om betekenis oor te dra. (6)

3.3 Outa se gesig word nie in BRON A gewys nie, slegs sy rug en liggaam is sigbaar vir die gehoor.

Wat kommunikeer dit (sy rugkant na die gehoor) oor sy karakter in die drama? (3)

Kopiereg voorbehou 

**BRON B – UITTREKSEL UIT *BOESMAN EN LENA***

| | |
|---|---|
| Lena | Ek is Lena … en hierdie een hier, dis my man … Boesman. |
| Boesman | Skud da' die hand! Fancy *hotnot* soos jy. Gee daar van jou smart taal: 'How do you do darling.' (*Die ou man mompel iets in Xhosa*). |
| Lena | Wat sê jy daar? Jy ken mos sy taal. (*Boesman lag.*) Wil die outa iets hê? (*Nog gemompel.*) Maar ken jy nie Engels of Afrikaans nie? Like 'môre baas' nie? |
| Boesman | Toe, jy wil hom mos help! |
| Lena | Maar hy lyk nie reg nie. (*Paar tree nader aan die ouman.*) Kom, hiesa outa, sit jy, rus jy hiesa. (*Niks gebeur nie. Sy draai na Boesman.*) Hoe sê mens daai in kaffertaal? |
| Boesman | Hamba! |
| Lena | Oraait Boesman! (*Terug na die ou man – sy stoot 'n boks vorentoe.*) Is warm hiesa by die vuurtjie. (*Niks gebeur nie … 'n teken van woede in haar stem.*) Jy! Doof! Sit! (*Die ou man sit.*) Ja, rus daar jou bene. Hulle werk ook hard vir ons arme mense. (*Boesman kyk net betyds op om te sien hoe sy een van hulle bottels water losskroef. Hulle staar vir 'n paar sekondes in stilte na mekaar.*) Kan wees hy's dors. |
| Boesman | En ons twee? |
| Lena | Is skoon water, 's al. |
| Boesman | Te hel! Hy hoort g'n by ons nie! |

[Vertaling met vergunning van DALRO]

3.4 Gee TWEE woorde of handelinge wat in BRON B gebruik is wat aandui dat Outa deur Lena verwelkom word en TWEE woorde of handelinge wat aandui dat Outa deur Boesman verwerp word. (4)

3.5 In BRON B gebruik die dramaturg die frase '*Die ouman mompel iets in Xhosa*' (verwys na reël 3). Hierdie reël kan aandui dat Boesman en Lena nie 'n goeie begrip van isiXhosa as 'n inheemse taal het nie.

Bespreek hoe hierdie wanbegrip van die inheemse taal vir Boesman en Lena sou kon keer om te kon verstaan wat Outa aan hulle wou kommunikeer voordat hy gesterf het. Jy kan in jou antwoord ook verwys na die rol wat inheemse tale speel, veral in die nuwe Suid-Afrika. (7)

3.6 Verduidelik hoe jy TWEE elemente/eienskappe van spraak (toonhoogte, toonkleur, volume, tempo en pouse) kan gebruik om die karakters van Boesman, Lena en Outa oortuigend te vertolk. Verwys na reël 1 – 17 in jou antwoord. (4)

**[30]**

**VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| STORYTELLER | Jabulani kaSokhela paid dearly for his trespass on the daughter of the king. NaMdozolwana and Mangothobani tricked him out from the home into the night. Two *imikhovu* kidnapped him and took him to the cave of the Earth Mother where he suffered a dreadful death. NaMdozololwana and Mangothobani cut off a part of his body and ate it. By this strange act the two women and the whole people of amaQhashi were strengthened and the angry ancestral spirits pacified. One day when Magadlemzini and his induna were returning from the forest they saw a strange object placed at the entrance of the Great Place. A mat and an overturned gourd of sour milk. |
| | *iThala/iNkundla. Magadlemzini's umuzi. Apparently deserted. An overturned pot in uMendo, lying on a grass mat. Magadlemzini and induna enter iShashalazi. They stop in alarm when they see the pot.* |
| MAGADLEMZINI | [to *induna*] Go through the other gate. Shesha! *Induna exits through iShashalazi. Magadlemzini enters iNkundla*. Come out, women! Phumani! *The women emerge from their houses. Magadlemzini points at the pot*. Now tell me, what is the meaning of that? Who has had a miscarriage in my home? [*no reply*] Khulumani [speak] [*silence*] Namdozolwana! |
| NAMDOZOLWANA | *Enter Namdozolwana*. |
| MAGADLEMZINI | Baba! |
| NAMDOZOLWANA | Wena kaZulu kaMalandela, awuz' ungiqaqululele nans' inkinga. Azikhulumi lezi zithuli. Kwenzenjani? Ubani ochithekelwe isisu la emzini wami? [Daughter of Zulu of Malandela, explain this riddle for me. These mutes can say nothing. What happened? Who has suffered a miscarriage in my home?] |
| MAGADLEMZINI | Imbewu yenja [The seed of a dog] |
| NAMDOZOLWANA | The seed of what dog? |
| MAGADLEMZINI | uJabulani kaSokhele |
| NAMDOZOLWANA | When did it happen? |
| MAGADLEMZINI | Two weeks ago. |
| NAMDOZOLWANA | Nosilimela, my child! Where's uNosilimela? |
| | Nosilimela!<br>*uNosilimela emerges from one of the houses, sick and wretched. She sits down*. Hlala kahle! Awukhumbule ukuthi awuseyon' intombi, sewungumfazi sowonakele! [Sit properly! Remember you are no longer a girl, you're a woman, you're defiled!]<br>*uNosilimela straightens her legs.* |

4.1 Credo Mutwa gebruik die 'storieverteller' in die drama as 'n teatermiddel (konvensie). Ander dramaturge, soos in die Griekse teater, gebruik 'n 'koor' terwyl ander 'n 'verteller' gebruik.

4.1.1 Verduidelik EEN funksie van die storieverteller in *uNosilimela*. (2)

4.1.2 Verduidelik waar jy die storieverteller volgens hierdie sirkulêre opvoerstyl sal plaas. Motiveer jou antwoord. (3)

4.1.3 Hoekom gebruik Mutwa net Engels wanneer die storieverteller praat? (2)

4.1.4 Verbeel jou jy speel die karakter van die storieverteller in hierdie drama. Verduidelik hoe jy enige TWEE elemente van spraak (intonasie, volume, toonhoogte, pouse, tempo en klem/beklemtoning) sal gebruik om die karakter van die storieverteller effektief te vertolk. Verwys na reëls 1 – 10 in jou antwoord. (8)

4.2 Verwys na reëls 11 – 31. ' n Kleipot/Kalbas is 'n belangrike simbool in Afrika. Hoekom is Magadlemzini geskok om 'n kleipot te vind wat omgekeer is in *uMendo*? (3)

4.3 Gebruik die uittreksel en die teks in geheel en bespreek die karakter van uNosilimela. (4)

4.4 Is uNaMdozolwana, veral as 'n vrou, geregverdig om uNosilimela te behandel soos wat sy dit doen? Gee redes vir jou antwoord. (4)

4.5 Jou klas bied 'n opvoering van *uNosilimela* aan by die skool se dramafees. Dit is jou taak om die opvoering ('staging') van *uNosilimela* kortliks te verduidelik. Skryf neer wat jy aan 'n gehoor sal sê wat nie met Afrika Teater bekend is nie. (4)

**[30]**

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer die bronmateriaal hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:

**Bron A**




**Bron B**

'n Uittreksel uit 'n resensie oor die drama *Woza Albert!* deur Steve Hall.

Hierdie tweemanproduksie was 'n verwoede singende, dansende, draaiende, skreeuende, spoegende atoomontploffing van teater, wat die laggende en klappende gehoor van links na regs in hul sitplekke laat beweeg het. Die twee akteurs het van ontelbare karakters verwissel om 'n vertelling te skep wat die tweede koms van Christus na 'n apartheid-Suid-Afrika voorstel.

Almal het 'n reaksie op die koms van Morena – van die oorwerkte, onderbetaalde swart baksteenmakers van Coronation Brickyard, tot die wit president, tot die mans wat vir dae in 'n tou staan by die paskantoor in Albertstraat om werkpermitte te kry, net sodat hulle kan smeek vir werk by die motorvensters van verbygaande wit mense.

5.1 Nadat jy BRON A en BRON B bestudeer het, beskryf die stel en kostuums wat vir die drama, *Woza Albert,* gebruik kan word! Gee redes vir jou antwoord. (8)

5.2 Bespreek die reaksies van die volgende mense op die aankoms van Morena:

5.2.1 Die barbier/haarsnyer (3)

5.2.2 Auntie Dudu (3)

5.3 Verwys na reëls 3 en 4 in BRON B. 'Die twee akteurs het van ontelbare karakters verwissel.' Die akteurs moet 'n verskeidenheid vaardighede gebruik om dit reg te kry. Verduidelik TWEE fisiese of vokale (stem-) opvoertegnieke wat deur die akteurs gebruik word om hulle te help om vinnig van een karakter na die volgende een te verwissel. (6)

5.4 Die drama *Woza Albert!* het 'n episodiese struktuur.

5.4.1 Wat word met die begrip *episodies* bedoel? (2)

5.4.2 Waarom het hierdie drama 'n episodiese struktuur? (3)

5.5 Beskryf kortliks 'n toneel wat jy geniet het en toon aan hoe die skeppers van hierdie drama humor gebruik om ernstige kwessies in die samelewing te beklemtoon. (5)
**[30]**

## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer die bronmateriaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BRON A**




**BRON B – UITTREKSEL UIT *SOPHIATOWN***

Mingus: Shaddup, Jakes! Here it's bicycle spokes, and jungles and Baby Brownies and Lugers. (To Ruth.) All nice European guns, mind you, from your war. It wasn't our war – it was your war. Look, look at my scars, look at my knife wounds – they're from our own war. You think Sophiatown is just jazz clubs and bright lights! Well, you've got lots to learn. And you can't pretend it's not happening because it will never go away. If you want to live here white girl, you must learn – or pack up! Voetsak! Go back to Yeoville!

**BRON C – AANHALING DEUR CAN THEMBA**

Dit was 'n tyd toe die mense van Sophiatown … gedrink, grappe gemaak het, gesels, gesing, gestoei en rof saam gespeel het … voordat die regering dit vernietig het … Dit was die beste tye, dit was die slegste tye…

6.1 Beskryf die tipiese ervaringe van die mense van Sophiatown soos in BRON A gewys en in BRON B beskryf. (6)

6.2 Verwys na BRON B

6.2.1 Wat is 'jungles, Baby Brownies and Lugers' (reël 1 en 2)? (2)

6.2.2 Wat beklemtoon reël 3 – 4 oor Mingus se karakter? (3)

6.2.3 Verduidelik hoe Mingus se reaksie teenoor Ruth in reël 6 – 7 sy houding teenoor vroue oor die algemeen beklemtoon. (4)

6.3 Bespreek Can Themba se stelling in BRON C in 'n paragraaf (minimum van 150 woorde): 'Dit was die beste tye, dit was die slegste tye …'. Verwys in jou antwoord na BRON A, BRON B en die drama in geheel. (15)

**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:

| | |
|---|---|
| Thando | It's funny, every time I try to make you talk about Uncle Themba you change the subject. All I know about him is what everybody else has told me. |
| Sipho | I've told you everything there is to know. |
| Thando | Were you close? |
| Sipho | With whom? |
| Thando | Uncle Themba. |
| Sipho | He is dead. |
| Thando | I mean before, before he left. |
| Sipho | He is my brother. |
| Thando | He must have been very close to Grandpa. Uncle Themba, that's all he talked about. |
| Sipho | Of course my father always talked about Themba. When Themba left the country, at first my father blamed me for not stopping him. |
| Thando | Really? I never knew that Grandpa felt that way. To me he said he loved you very much. |
| Sipho | I wish he had told me too. |
| Thando | You mean Grandpa never said he loved you? |
| Sipho | We African men don't find it easy to say that to our sons. It's taken for granted that we do. |
| Thando | Was Uncle Themba close to Mom? |
| Sipho | What do you mean? |
| Thando | People say they got along very well. |
| Sipho | Who are these people saying these things to you? |
| Thando | Well everybody … |
| Sipho | I suppose they were close, very close. He was my brother. |
| Thando | Why did Uncle Themba go into exile? |
| Sipho | HE LEFT THE COUNTRY! Leave it at that. |

Kopiereg voorbehou 

7.1 Noem die tipe verhouding tussen die twee karakters in die uittreksel. (2)

7.2 Sipho sê hy het Thando alles vertel wat sy oor sy broer, Themba, moet weet: 'everything there is to know' (reël 4). Wat het hy haar vertel? (3)

7.3 Gebruik jou kennis van die drama in die geheel en beskryf die verskillende ervaringe van liefde en omgee (familie, vriendskap, en romantiese leifde) wat Thando en Sipho ervaar het. (8)

7.4 Hoe dra Sipho se dialoog daartoe by dat die gehoor verstaan dat hy nie Thando se vrae direk beantwoord nie? (4)

7.5 Die drama ondersoek Sipho se persoonlike stryd met waarheid en versoening teen die agtergrond van die Waarheids-en-Versoeningskommissie.

Bespreek hoe Sipho se private konflik aangebied word in sy persoonlike verhoudings met ander asook die tema van verraad. In jou bespreking kan jy na die uittreksel en die drama in geheel verwys. (13)

**[30]**

**VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer die bronmateriaal hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

| | |
|---|---|
| THAMI | Forget it. |
| JOHAN | Just forget about it? |
| THAMI | That's right. |
| JOHAN | Just forget about your farm? |
| THAMI | What farm? |
| JOHAN | The one we've been talking about. |
| THAMI | The one *you've* been talking about. |
| JOHAN | The cattle, the vines, the fields of wheat … |
| THAMI | Who wants that? |
| JOHAN | Me and you. |
| THAMI | Not me. |
| JOHAN | You do. |
| THAMI | No. |
| JOHAN | You said – |
| THAMI | All I said was I would like to have some diamonds, so I can have a house for my family and maybe some cattle. All the rest was you. |
| JOHAN | But you agreed – |
| THAMI | So? By the time we are millionaires, I thought, you won't mind getting your own farm for yourself. |
| JOHAN | You don't want a farm? |
| THAMI | I want to have a piece of land, a house for me and my family, outside Queenstown … maybe two Nguni cows … That's all I was talking about. I don't want a big farm with fields as far your eyes can see. It's a very lonely place you're talking about. I want to see my neighbour, I want to smell his dinner cooking in the evening. I want to hear the women talking, the kids making games. |
| JOHAN | And me, where do I fit in? |
| THAMI | (*Brutally honest*) You don't. |
| JOHAN | Thami, you're saying that I – |
| THAMI | I'm saying you don't fit there. |
| JOHAN | Not even if I'm your neighbour? |
| THAMI | I'm saying that it's not my picture. In my picture, the people are all *my* people. |
| JOHAN | Black people. |
| THAMI | Yes. Black, African, Xhosa-speaking people. |

**BRON B**

Johan klou vas aan Thami. Hul poging tot vriendskap het voor die aanvang van die drama begin en het gegroei tot 'n komplekse verhouding. Op die oppervlak het hy 'n uitweg gesien – die diamantmyn-plan – vir Thami om te kry waarvoor hy gekom het, iets wat hom sal toelaat om nie net na sy familie terug te keer nie, maar ook om hul omstandighede en status grootliks te verbeter. Dit word egter duidelik dat Johan nie net vir Thami help om sy doel te bereik nie, hy definieer ook die doel vir Thami. Deur dit te doen … het hy 'n toekoms vir Thami gedefinieer waardeur hy homself as 'n nabye buurman betrek. Dit is 'n leidraad tot Johan se desperate behoefte: om toegelaat te word om uit sy isolasie te breek en om die lang jare van verbanning te beëindig. Hy eis van Thami – al sê hy dit nooit in woorde nie – vergifnis, begrip en aanvaarding.

[Mannie Manim in die inleiding tot *Groundswell*]

8.1 Johan en Thami se doelstellings is verskillend. Verduidelik wat elkeen van hierdie karakters vir sy toekoms wil hê deur van BRON A gebruik te maak om jou antwoord te ondersteun. (8)

8.2 Verduidelik wat die skryfstyl in BRON A oor die genre van die drama voorstel. (4)

8.3 Waarom is dit betekenisvol as Thami in BRON A sê dat al die mense *sy* mense is: 'the people are all *my* people.' (reël 31)? (3)

8.4 Bespreek die dramaturg se agenda/oogmerk/doelstelling met die drama, *Groundswell*. Jy mag in jou antwoord verwys na BRON A en B en die drama in geheel. (15)

**[30]**

**VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

| |
|---|
| *Siener in die Suburbs* dra met groot welslae 'n belangrike tema oor, naamlik die verskillende wyses waarop die liefde hom kan manifesteer. – André P Brink |

9.1 Bespreek die aanhaling hierbo en beskryf die verskillende vorme van liefde soos dit voorkom in die verhoudings tussen die volgende karakters in die drama:

9.1.1 Fé en Tjokkie (2)

9.1.2 Ma en Tjokkie en Tiemie (6)

9.1.3 Tiemie en Tjokkie (2)

9.1.4 Jakes en Tiemie (4)

9.2 Veronderstel jy was deel van 'n geslaagde opvoering van *Siener in die Suburbs*. 'n Teaterresensent van die plaaslike koerant voer 'n onderhoud met jou oor die produksie waarin jy die volgende vrae beantwoord:

9.2.1 Beskryf die handeling van die drama kortliks. (4)

9.2.2 Watter styl sal die geskikste wees vir die opvoering van hierdie drama? (1)

9.2.3 Verduidelik kortliks hoe die stel hierdie styl weerspieël het. (5)

9.2.4 Watter metode het die akteurs gevolg om hulself voor te berei om die karakters te vertolk volgens die styl waarin die drama opgevoer is? (6)

**[30]**

**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

10.1 Beantwoord die volgende vrae:

10.1.1 Noem die verskillende betekenisse van die titel van die drama, *Mis.* (4)

10.1.2 Verduidelik hoe die betekenis van die titel bydra tot die dramatiese spanning in die drama. (8)

10.2 Sou jy sê dat die drie vrouekarakters se reaksie op die koms van die sirkus dieselfde is? Maak gebruik van voorbeelde uit die drama om Miem, Gertie en Meisie se reaksies op die sirkus te bespreek. (8)

10.3 Beantwoord die volgende vrae:

10.3.1 *Mis* speel af gedurende die aand van 31 Augustus 1936. Op watter manier dra die tyd van die drama tot die betekenis van die drama by? (8)

10.3.2 Dink jy dat die boodskap van die drama anders sou wees indien die handeling op 31 Augustus 2009 afgespeel het? (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING**

VRAAG 11 en 12 is VERPLIGTEND.
VRAAG 13 bestaan uit drie vrae. Beantwoord slegs EEN van die drie vrae.

**VRAAG 11**

Lees die gedig *Hoofstad* deur Louis Esterhuizen (*Nuwe Verse*, 2000).

Durf ek sê 'n stad
van vreugde is jy, 'n stad
van jeugdrome
en aspirasies. Durf ek sê van
vrees?

Durf ek sê 'n stad
van rykste klowe is jy, 'n stad
van armste
buitewyke. Durf ek sê van
plakkers?

Durf ek sê 'n stad
van monumente is jy, 'n stad
van heuwels
en militêre basisse. Durf ek sê van
grafte?

Durf ek sê 'n stad
van vlooimarkte is jy, 'n stad
van stalletjies
en swendelaars. Durf ek sê van
werkloses?

Durf ek sê 'n stad,
'n hoofstad. Durf ek sê van
Afrika.

'n Groep van 6 leerders moet die gedig as 'n koorspraak-aanbieding vir assessering opvoer. Drie van die leerders het ligte stemme, twee het medium stemme en een het 'n diep stem. Veronderstel jy word gevra om te help met die voorbereiding vir 'n koorspraak-aanbieding van die gedig. Beantwoord die vrae wat volg.

11.1 Skryf TWEE woorde neer wat die oorheersende gevoel (atmosfeer) van strofe 1 (reël 1 – 5) beskryf. (2)

11.2 Noem die volume wat jy in reël 23 sal gebruik en verduidelik waarom dit geskik is. (2)

11.3 Verduidelik hoe jy te werk sal gaan om die groep te help om die herhalende frase: '*Durf ek sê …*' op so 'n manier te sê dat dit nie eentonig voorkom nie. Verwys na die gedig in jou motivering. (4)

11.4 Bespreek hoe jy tempo en pouse in die vertolking van reël 11 – 20 sal gebruik sodat die gedig se gevoel/atmosfeer duidelik aangebied word. (4)

11.5 Beskryf waar in reël 11 – 15 jy van verbale en vokale (stem-) dinamika (klankeffekte) gebruik sal maak om die betekenis van die gedig te verbeter/versterk. (3)

**[15]**

## VRAAG 12

Verwys na die twee bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

Ek was baie gefrustreerd met die teksgebaseerde benaderings tot toneelspel en in 'n desperate poging om 'n ander manier te vind om die onderwerp te benader, het ek gedink dat maskers 'n goeie beginpunt sou wees. Ek het toe dat my studente maskers maak, ons het die maskers versier en het daarna klein, visuele scenarios (tonele) geskep.

Ons het gevind dat ons die karakters kon doebleer (verdubbel) deur eenvoudig identiese maskers en kostuums te gebruik en dit het ons ongelooflike vryheid gegee. Ons het karakters met sulke sterk visuele persoonlikhede geskep dat die gehoor onmiddellik met hulle 'n aanknopingspunt kon vind.

Deesdae probeer ek om maskers te gebruik as 'n metode om 'n akteur se fisiese en verbeeldingvermoë te ontwikkel – vir my is die maskers 'n repetisietegniek (-metode) om ekonomiese handeling te ontgin, om ons verbeelding vrye teuels te gee en om ons te inspireer om spontaan te speel.

[Aangepas uit 'n onderhoud met John Wright, 'n teaterpraktisyn, oor die ontwikkeling van 'n drama]

**BRON B**



12.1 Verduidelik die voordele van die masker as 'n tegniek (metode) in 'n opvoering. (4)

12.2 Noem DRIE nadele van die gebruik van die masker in 'n opvoering. (6)

12.3 'n Akteur wat 'n masker dra, moet seker maak dat sy/haar fisiese opvoervaardighede fyn afgerond is. Beskryf TWEE oefeninge wat die akteur kan doen om beter fisiese koördinasie, soepelheid en krag te ontwikkel. (8)

12.4 John Wright verwys na die 'ontwikkeling van 'n akteur se fisiese (liggaam) en verbeeldingvermoë'. Bespreek die belangrikheid van die ontwikkeling van fisiese vaardighede vir 'n akteur. Jy mag in jou antwoord verwys na die teorieë van enige teaterpraktisyn wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het. (12)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 13**

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae:

13.1 LEWENDIGE/DIREKTE OPVOERING

ÓF

13.2 MEDIASTUDIE

ÓF

13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL

13.1 **LEWENDIGE/DIREKTE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| 'Ek is van mening dat die rol van die kreatiewe span – regisseur, ontwerper – is om die akteurs te dien. Op stuk van sake is dit belangrik dat die akteurs die materiaal hul eie maak (eienaarskap aanvaar).' – Denise Wong (Artistieke Regisseur) |

13.1.1 Wat is die rol (funksie) van die regisseur in 'n opvoering? (4)

13.1.2 Verduidelik of jy voel dat skoolopvoerings 'n ontwerper vir kostuum, stel of beligting moet hê? (3)

13.1.3 Jy het in verskeie opvoerings gespeel vir assessering in Dramatiese Kunste. Bespreek tot watter mate jy dink dat akteurs die 'materiaal hul eie moet maak (eienaarskap aanvaar)' soos Denise Wong voorstel. (8)
**[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| Enige media-aanbieding (film, televisie, video, DVD of radio) vereis 'n span spesialiste, beide tegnies en kreatief, om die voltooide produk daar te stel. |

13.2.1 Verduidelik waarom 'n klanktegnikus noodsaaklik sou wees in enige van hierdie media-produksies. (5)

13.2.2 Jy het 'n verskeidenheid media-produksies gesien en gehoor. Kies EEN en bespreek hoe die spesialiste, bestaande uit die kreatiewe en tegniese span, meer waarde aan hierdie produksie in geheel toegevoeg het. (10)
**[15]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

| |
|---|
| Baie dramatiese en teatrale konvensies en middele kan in inheemse 'volwassewording-/mondigwordingseremonies' gevind word. |

13.3.1 Noem 'n volwassewordingseremonie in enige kultuur wat jy ken. (1)

13.3.2 Beskryf TWEE teaterkonvensies/-middele wat in die seremonie voorkom wat jy in VRAAG 13.3.1 genoem het. (4)

13.3.3 Soms is daar nie 'n aangewese 'regisseur' vir 'n inheemse seremonie nie. Verduidelik wie die leiding sal neem in die algehele organisasie van die opvoering as deel van die seremonie wat jy in VRAAG 13.3.1 genoem het. Brei ook uit oor die manier waarop hierdie persoon/persone die leiding sal neem. (10)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou